



NG Kerk in SA: Argief

<http://kerkargief.co.za>

Argiefgebou, Noordwal-Wes 1, Stellenbosch | Posbus 34, Stellenbosch, 7599

Telefoon: 021 882 9923 | argief@kaapkerk.co.za

Bestuurder: Dr Andrew Kok | 021 882 9923 | argief@kaapkerk.co.za

Saakgelastigde: Ds Bossie Minnaar | 021 957 7104 | 083 270 5211 | bossie@kaapkerk.co.za

Genealogiese Navorsing

OPDRAG VAN DIE ARGIEF

Die Argief se doel is die versameling, bewaring en beskikbaarstelling van argief- en museum-materiaal as getuïenisse oor die handeling van God Drie-enig in en deur Sy kerk in 'n bepaalde gebied. Die Argief bou die geheue van die kerk uit en stel die kerk in staat om sy funksies op 'n logiese, verantwoordelike en konsekwente wyse voort te sit. Die Argief huisves die skriftelike en ander getuïenisse wat die kerk teen ongeregverdigde aansprake en duur eise beskerm. Hierdie diens word teen 'n bepaalde tarief aan verskillende kerke en sinodes gelewer.

GENEALOGIE

Dit is dus duidelik dat die Argief nie 'n genealogiese vereniging of instelling is nie. Geen navorsers word toegelaat om die oorspronklike registers by die Argief te hanteer nie. Al die doop-, huwelik en lidmaatregisters in die Argief is op mikrofilm geplaas en beskikbaar vir navorsing deur die publiek in die Streeks- en Familiëgeskiedenis-afdeling van die **Universiteitsbiblioteek** van die KSUT se **Wellington-kampus**. Genealoë word dus na KSUT verwys vir enige navrae uit hierdie registers.

Adres: Universiteitsbiblioteek, Kaapse Skiereiland Universiteit van Tegnologie (KSUT/CPUT), Pentzstraat, WELLINGTON.

Kontak: E-pos: ArendseJ@cput.ac.za - Telefoon: 021 864 5261

Ure gedurende die semester:

Maandag tot Donderdag: 7:30 - 22:00; Vrydag: 7:30 - 16:00 en Saterdag: 8:00 - 13:00

Ure gedurende die vakansietyd:

Maandag tot Donderdag: 8:00 - 16:30; Vrydag: 8:00 - 16:00

Vryskutnavorsers: U kan ook van vryskutnavorsers gebruik maak om namens u navorsing teen betaling te laat doen. Kontak gerus vir me Lorna Olivier by tlorna.olivier@gmail.com of 072 778 8052.

In die uitsonderlike geval waar KSUT nie oor die nodige inligting beskik nie, of waar die inligting onleesbaar is, kan genealoë die Argief om hulp nader. Hierdie diens is nie deel van die argiefdiens wat gemeentes, sinodes en kerke by die Argief koop nie. Alle genealoë (ook predikante wat suiwer genealogie wil doen), sal dus vir die genealogiese inligting moet betaal.

U kan ook die Genealogiese Genootskap van Suid-Afrika kontak. Die webblad gee elke streek se kontakbesonderhede. Die elektroniese tak (eGGSA) se webblad gee ook toegang tot foto's van Suid-Afrikaanse grafstene, registers in familie Bybels en ander bronne van genealogiese belang.

Die GGSA (Genealogiese Genootskap van Suid-Afrika) se webblaaie is as volg:

GGSA se webblad: www.genza.org.za

eGGSA (elektroniese tak) se webblad: www.eggasa.org

Die **GSU** bevat 'n magdom skakels en inligting om genealoë behulpsaam te wees.

GSU (Genealogiese Vereniging van Utah / Genealogical Society of Utah)

Webblad: www.familysearch.org

Die Argief in Stellenbosch hanteer tans slegs die argiewe van die VGK en die NG Kerk se drie Kaapse Sinodes (Wes- en Suid-Kaapland, Oos-Kaapland en Noord-Kaapland) en drie van die vier Transvaalse Sinodes (Goudland / Wes-Transvaal, Noordelike Sinode en Sinode Hoëveld).

Vir die ander provinsies (sinodes) moet u direk met hulle betrokke argiewe skakel:

Vrystaat: Mev Christa Botes. E-pos: inlig@ngkvs.co.za

Telefoon: 051-406-6724

KwaZulu-Natal: Mev Elize de Villiers. E-pos: argief@ngkzn.org.za

Telefoon: 033-345-2279

Oostelike Sinode: Mev Elna de Bruyn. E-pos: aanbid@sinoos.co.za

Telefoon: 012-804-9543

Namibië: Ds Clem Marais. E-pos: clem@ngkn.com.na

Telefoon: (+264) 61-37-4350

TARIEWE

Die Argief se tarief word deur die kundigheid van die personeel en die omvang (tyd) van die navorsing bepaal. Die Argief sal dus telkens aan die genealoog 'n kwotasie voorsien.

Die volgende riglyne word gevolg:

1. Genealogiese werk word bereken op 'n halfuur of 'n gedeelte daarvan. Die minimum fooi is dus vir 'n halfuur.
2. Die navorsingsversoek moet skriftelik wees (e-pos of 'n brief). Die genealoog dui presies aan watter inligting benodig word en watter inligting die genealoog reeds het. Die Argief sal moontlik daarvoor met die genealoog korrespondeer om honderd persent seker te maak van die versoek.
3. Die Argief sal op grond van hierdie inligting 'n baie voorlopige beoordeling doen ten einde aan te dui of die Argief wel oor die nodige inligting beskik. Op grond van hierdie inligting, sal 'n kwotasie aan die genealoog voorgelê word. Die Argief sal byvoorbeeld sê dat die inligting binne 'n halfuur aan die genealoog kan gee. Die kwotasie beloop dan R100,00. Indien die genealoog instem, sal die personeel die soektog doen en aan die genealoog bevestig dat die besonderhede gevind is. Sodra die Argief die bewys van die genealoog se inbetaling ontvang het, sal die inligting aan die genealoog voorsien word (e-pos of brief, soos deur die genealoog verkies).
4. Waar die genealoog se inligting baie vaag is en daar in verskillende registers gesoek moet word – of waar die genealoog byvoorbeeld inligting vra oor alle mense in 'n bepaalde dorp met 'n bepaalde van, sal die Argief 'n skatting moet maak van die tyd wat benodig sal word. Die Argief sal verwag dat die genealoog 'n navorsingsooreenkoms teken waarin die genealoog onderneem om die rekening te betaal. Die Argief sal die genealoog op hoogte hou, sou dit blyk dat die ondersoek langer sal duur as wat begroot is. Die genealoog sal telkens kan aandui of die ondersoek nog verder gevoer met word. Na ontvangs van die betalingsbewys van die finale rekening, sal die inligting aan die genealoog voorsien word.
5. Let wel: betaling is nie vir die inligting nie, maar vir die tyd wat 'n argivaris aan die soektog moes bestee. Indien die Argief dus twee ure bestee het aan 'n soektog – bloot om te bevestig dat die Argief nie oor die inligting beskik nie, sal die genealoog steeds vir die navorsing moet betaal. Die Argief sal te alle tye so nou as moontlik met die genealoog saamwerk. Elke versoek sal uniek hanteer word. Die genealoog sal ook telkens by die Argief se Bestuurder of selfs die Saakgelastigde van die NG Kerk in SA kan aanklop as die genealoog reken dat die tarief onbillik bereken is.
6. Die Argief behou ook steeds die reg om 'n bepaalde genealogiese ondersoek te weier of uit te stel – veral op grond van werkdruk ten opsigte van die Argief se primêre taak.
7. Die basiese tarief vir 1 Maart 2019 tot 29 Februarie 2020 is **R200,00 per uur**.